WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 03/2017

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Fick Fourie van die Infanterie

Fanie Versfeld van die Infanterie verwittig met leedwese van "... die afsterwe van Fick op 04/02/2017. Hy was lank nie meer gesond nie, was vir drie weke in intensief en is daarna by die huis oorlede is. Fick se begrafnis het op 10/02/2017 in Menlyn plaasgevind. Simpatie aan Rosa en die kinders. Fick was ''n voormalige Bev 2 Regt Noord-Transvaal".

3. Passing of Ronald Geoff Vinall

Arne Soderland advises with deep regret of the passing "... of Ronald of the Durban Branch of Naval Officers' Association of SA on 10/02/2017, after an illness fought bravely. Geoff was for many years the co-author of SPINSUN and will be remembered by many of us. Our sincere condolences to Linda who can be contacted at 031-202 1936".

4. Afsterwe van Adele Kemp : Vrou van Gert Kemp van Spes Magte

In Stilbaai se plaaslike koerant is gemeld dat Gert en Adele op 31/01/2017 naby Stilbaai in 'n motorongeluk betrokke was waartydens Adele omgekom het. Gert is met beenbesings in die Baylife Hospitaal op Mosselbaai opgeneem waar hy onder andere veloorplantings ondergaan het. Adele se begrafnis het op 10/02/2017 by die NG Gemeente Stilbaai plaasgevind.

5. Passing of Cindy Dollery : Widow of the Late Don Dollery of the SAN

Angel advises with the deepest regret "… of the passing of Cindy on 12/02/2017 at 2 Mil Hosp in Wynberg. Cindy will long be remembered for her selfless dedication and care for the homeless over more than two decades while supervisor of Happy Valley Home in Simon's Town for which she received a Citizen of the Year award. Our sincerest sympathy to their son, Nicolas. The funeral service took place at the Simon's Town Methodist Church on 17/02/2017 and was conducted by Padre Ralph Thornley".

6. Mediese Behandeling vir Andy Anderson van die Kavallerie

* Albert van Driel van die Infanterie noem dat Andy onlangs geval en bloeding op die brein opgedoen het.

* Andy se dogter, Marie Rencken, noem dat Andy " ... vier weke gelede geval en in intensiewe sorg vir bloeding op die brein en longprobleme behandel is. Dit was 'n moeilike pad, maar met die Liewe Heer se genade en bekwame personeel van Blouberg Netcare is hy op 6/02/2017 na Vincent Palotti Step Down in Ysterplaat oorgeplaas. Hy word tans deur 'n pyp direk in sy maag gevoed, maar is besig om te leer eet. Die personeel het my ma, Elzabè, meegedeel dat die proses nog lank sal duur, maar hulle is tevrede met die vordering. Op 16/02/2017 was daar egter longkomplikasies en my pa is nou weer onder intensiewe sorg geplaas. My ma, se e-posadres is mbanderson@telkomsa.net".

* Andy's son, Melville, adds that "... when Andy is asked how he is, his answer would always be '... serviceable thank you'. We met the team taking care of him and believe that they will do their utmost to return him in to us in a serviceable condition".

7. Mediese Behandeling vir Steve Prinsloo van die Infanterie en sy Seun

Hercules du Plessis van Personeel noem "… dat Steve goed op behandeling reageer en almal is dankbaar dat Steve nou in remissie is. Sy seun, Steve (junior), het pas sy eerste sessie chemoterapie voltooi en daar sal eers later op verdere behandeling besluit word. Steve (junior) het die chemo moeilik gevind, maar beide manne het vasgebyt. Onthou asseblief die Prinsloo-gesin in u gebede. Steve se e-posadres is spprinsloo@mweb.co.za".

8. Moontlike Operasie vir Robert Harm van die SAV

Robbie verwittig dat hy "... met kanker van die prostaat gediagnoseer is wat volgens beskikbare inligting nog in die beginstadium is. Reëlings word tans getref om dit te verwyder. My kontakbesonderhede is 082 925 7103 en robharm@mweb.co.za".

9. Aanval op Neall Ellis, HC, van die SALM

Die skrywer, Al J Venter, rapporteer vanuit Londen dat "… ons ou vriend deur 'n klomp boewe naby die Leeupark tussen Pretoria en Johannesburg aangeval was toe hy by 'n verkeerslig gestop het. volgens die SAPD het hulle probeer om hom dood te slaan en dat hy gelukkig is om te lewe. Hy het teruggeveg en dit het klaarblyklik sy lewe gered. Hy is in die Fourways Life Hospital in Johannesburg vir behandeling opgeneem.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

10. Arlene Bronkhorst van die SAW Vereniging

"Dit bly maar lekker om nog deel te wees van die weermag-familie. Die soldaat kan uit sy uniform gehaal word, maar die uniform kan nooit uit die ware soldaat gehaal word nie. Ek het in 'n militêre huis grootgeword en vir my was dit net die regte ding om te doen om na skool ook 'n soldaat te word".

11. Besonderhede van Wyle Ivan (Fanie) Stefanus Coetzer van die Parabats

Fanie se seun, Ivan Coetzer, benodig informasie van sy oorlede Pa se diens in die SAW en SAP, omdat hy graag sy Pa "… se verlede beter wil leer ken. My Pa het met Kursus 44V tydens 02/10 - 24/11/1967 by die Valskermopleidingsentrum as 'n Parabat gekwalifiseer en is in die sewentigerjare na die SAP oorgeplaas. Hy is op 26/11/2010 oorlede. My selno is 076 013 3531 en e-posadres is coetzeris@gmail.com".

12. Datum van Afsterwe van Archie Moore van die Parabats

Gert Kitching wil graag weet wat die datum van Archie se afsterwe is. Sy e-posadres is gertkitching@yahoo.com.

13. Thys Lubbe van Logistiek

"Al is 'n onkonvensionele oorlog nog nooit deur die heersende orde gewen nie, het ons makkers goeie jare in die SAW geken, goeie kameraadskap ontwikkel, puik opleiding ontvang, netjiese basisse gehad waar die sersant-majoor die septer geswaai het, absolute dissipline is gehandhaaf, offisiere en onderoffisiere was altyd netjies en in uniform gewees en dié wat oorgewig was, was nie in uniform toegelaat nie! Die bome is egter besig om te val en die rigting van die val moet elkeen maar vir homself uitmaak. Vrede in Christus Jesus!"

MILITêRE AANGELEENTHEDE

14. SAS Amatola (F145) Arriving in Plymouth

According to the MN, SAS Amatola arrived at a very chilly Plymouth on 11/02/2017, after departing from Simon's Town on 16/01/2017 and is soon to be at the mercy of Flag Officer Sea Training.

15. Zuma sees Simon's Town becoming Government Garage for Ships

President Jacob Zuma stated during his State of the National Address that the SAN will be a partner in a government garage concept that would see maintenance and repairs of government-owned vessels done at Simon's Town. Armscor will be the contracting agent, the SAN will be the custodian of the dockyard and Denel will run operations. However, concern is being expressed at the involvement of a Chinese company, Poly Technologies, with Denel in the management and running of the dockyard. Poly will also join Denel in constructing three naval vessels. Military analyst Helmoed Heitmann mentioned "... that the SAN would be the only Navy in the world that has foreign management of its dockyard. It took South Africa 50 years to get the British out of Simon's Town and now we deliberately invite a new imperialist power". Arné adds that "... the whole town is concerned as Simon's Town is not an industrial area and the infrastructure and roads are already overstretched. Berthing and maintaining government vessels is not the problem, but industrial growth needs to be controlled".

16. SA Mil Akad se Oef Trans Enduro

Louis Coetzee van die Lugafweer noem dat verlede jaar het sy "…klas van MA1966 die uitpasseringsparade van MA2016 bygewoon en was aangenaam verras. Ek lees nou in die Overstrand Munisipaliteit se Bulletin van Oef Trans Enduro dat die junioroffisiere van die SA Mil Akad elke jaar 'n reis van elf dae oor land en see vanaf Port Elizabeth na Saldanhabaai onderneem om fondse vir liefdadigheid in te samel en om langs die pad gemeenskapswerk te doen. Hierdie uithourit, bekend as Oef Trans Enduro, is daarop gemik om die

junioroffisiere se leierskapsvaardighede te ontwikkel en hulle aan gemeenskappe se praktiese probleme bloot te stel. Die 200 deelnemers is in twee spanne met verskillende fokusareas verdeel. Die landspan het van dorp-tot-dorp fietsgery of gedraf, terwyl die seespan per rubberboot langs die kus gereis het. Langs die pad is strate en woonbuurte opgeruim, skoolgeboue geverf en ouetehuise besoek. Fondse wat ingesamel word, word aan die Universiteit Stellenbosch se gemeenskapsontwikkelingsprojekte geskenk. Die burgemeester van elke dorp skryf ‘n kort brief van welwillendheid aan die burgemeester van die volgende dorp wat besoek word”.

17. RN Appeals to the Ancient Mariners

Due to a manpower crisis, Britain's two new aircraft carriers will be crewed by some of the saltiest sea dogs of modern times. The Ministry of Defence has begun with a recruitment drive inviting sailors who have retired or been made redundant to come back to man the ships. Normally, only sailors aged up to 59 are considered for duty, but now even mariners aged 60 and above are asked to apply for key posts. The old sea dogs are being enticed with five-year contracts under the RN's Full Time Reserve Service scheme.

18. Large Number of the USN’s Strike Fighters are Grounded

The USN’s FA-18 Hornet and Super Hornet strike fighters (photo below) embody most of the fierce striking power of the aircraft carrier strike group. But nearly two-thirds of the fleet’s strike fighters cannot fly, as they are grounded as they are undergoing maintenance or simply waiting for parts. Overall, more than half of the USN’s aircraft are affected, most because there is not enough money to fix them.

19. State of the RN’s SSN Fleet

Arné states in his MN that all of the RN’s fleet of attack submarines are currently out of action and the Ministry of Defence are said to have not informed the Prime Minister. Britain’s seven hunter-killer vessels are understood to be non-operational and although HMS Astute (photo below) is currently at sea, she is still weeks away from active service. It is the first time in decades Britain that does not have an attack submarine on stand-by to respond to threats.

20. Caring for the Ailing Veterans

Paul Els has provided this testimony by a military doctor at San Antonio in Texas, which has the largest military retiree population in the world. The doctor tells how he has been privileged to hear an amazing array of experiences, recounted in the brief minutes allowed in an encounter in the Emergency Department. These experiences have revealed the incredible individuals that he has had the honour of serving in a medical capacity, many on their last admission to the hospital. He is now much more aware of what an honour it is to serve these particular men and women. His full report is available from Paul at paul@who-els.co.za**.**

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

21. Terugslag vir die SM Mediese Voortsettingsfonds (SMMVF) se Beheerraad

Kallie Brocker van die SALM en Finansies verwittig dat hy "… nie meer by die SMMVF betrokke is nie, aangesien ek in Nov 2016 uit die Beheerraad bedank het. Met my bedanking het ek voorgestel dat Mike Louw van die SALM in my plek aangestel word. Mike het in die verlede die Menslike Hulpbron Afdeling op die Fonds verteenwoordig en is nog relatief jonk en aktief".

TOEKOMSTIGE OORLOë

22. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

23. Gedenknaald by 1 Ondh Eenh (OHE) in Kimberley

* Verlede week het ds Kaiser Cornelius navraag gedoen oor die gedenknaald wat by 5 OHE in Ondangwa opgerig was ter herdenking aan die lede van die eenheid wat insittendes was van die bus wat 'n landmyn in Sektor 10 geaktiveer het. Sy e-posadres is jmpcornelius@telkomsa.net.

* Thys Zondagh van Logistiek verwittig dat die gedenknaald by KD Skool opgerig was en dat hy kan onthou dat dit ongeveer nege jaar gelede nog daar was. Ek stel voor dat Edward Ruziecki gaan navraag doen".

24. Elektroniese Oorlogvoering tydens die Bosoorlog

Walter Volker van die Seiners en militêre skrywer noem na aanleiding van verlede week se berigte dat "… elektroniese oorlogvoering (EO) deur middel van Ops Brush en Falcon uitgevoer is en dat dit vir meeluistering, rigtingpeiling en belemmering voorsiening gemaak het. Die geskiedenis van die ontwikkeling van EO is volledig en in detail in my boeke gedek oor die geskiedenis van die SA Seinkorps wat in drie volumes in 2012 gepubliseer is. Die name van die volumes is *Army Signals, Signal Units of the SACS* en *Nine Charlie*. Op Brush was aanvanklik 'n operasie van Afd Inl in 1968 gewees, maar toe genl van den Berg van Buro vir Staatsveiligheid dit wou toemaak, is die taak oorgedra aan VHK Seineskn (waarvan die destydse maj Georg Meiring die bevelvoerder was) en sedertdien was die SASK getaak om die SA Leër se EO funksie uit te voer. Vir meer informasie kan ek op my e-posadres by volker@boardwalkmanor.co.za gekontak word".

25. Low Flying in the Sixties

This report from another source was included a year or two ago, but is repeated due to the explanation by Quentin Mouton. James (Jakkals) de Jager of the Parabats says the first picture below shows a very low pass by a single Harvard over a group of Army COs of the SA Mil Acad on the Atlantic coast near Saldanha Bay. The second shows the same aircraft leading three other Harvards. The pilot of the lead aircraft, Quentin Mouton, explains that "… we were students with 590 hours flying time and the whole thing was illegal, stupid and needless to say, dangerous. We would have been court-martialled if the SAAF knew, but it is too late now. On 02/10/1964 the Army students were on a route march from Langebaan to Saldanha. The previous night in the pub one of them had said that '… you think you can fly low, but you will never make me lie down'. I went to look for them on the beach in the morning and was alone for the one picture. I was pulling up to avoid them. In the afternoon I had a formation with me and you can see the others behind me, piloted by van Zyl, Kempen and Perold. Leon Schnetler of the Pongos took the pictures. The student that said '… *y*ou won't make me lie down' said afterwards that he was saying to himself that he won't lie down as I approached, but when I had passed he found himself flat on the ground".

Quentin Mouton is the Chief Pilot of Mango Airlines and is still actively flying B737-800 at 68 and now has 23 000 flying time to his record.

SAS EN HAWE-POLISIE BY OSHIVELO

26. Agtergrond. Verlede week het Paul Els genoem dat hy steeds probeer uitvind wat die funksie was van die SAS & Hawe- Polisie wat by Oshivelo teenwoordig was.

27. Flip Genis van die Infanterie

“In 1980/81was ek die 2iB van 53 Bn. Hierdie Spoorwegpolisie het die spoorwegtrokke begelei wat voorrade na Owamboland vervoer het. Hierdie trokke het altyd teen eerstelig by Oshivelo opgestel en dan het die polisie die konvooi met een seksie voor en een seksie agter begelei. Toe daar nog hinderlae tussen Oshivelo en Ondangwa was, het ek en my gesin eenmaal deel van die konvooi gevorm, maar die rookdampe was so erg dat ons maar op ons eie vooruit koers gekies het”.

28. Hennie Heymans van die ZARPe

“Die Spoorwegpolisie het die SAS se Padmotordiens se konvooie begelei. Die SAS padmotordiens het nog in daardie dae goedere vervoer wat by die stasies in Tsumeb en Grootfontein afgelewer is. Genl Constand Viljoen het hulle by geleentheid vir die werk aangeprys wat hulle gedoen het”.

NUWE MILITêRE BOEKE

29. NTR.

PAUL ELS SE BOEKE

30. RSMs in Owamboland

“Ek wil graag weet of enige Sammajoor die RSM van meer as een eenheid in Owamboland was”.

31. Boek oor SWA Suid van die Rooilyn

“Noudat ek amper klaar is met *Ons was Daar : Sektor 10,* gaan ek ‘n boek oor die res van SWA Suid van die Rooilyn skryf. Op die Internet is daar verbasend min oor Grootfontein en Windhoek waar ons mense betrokke was. Oor Walvisbaai is daar mooi fotos maar geen geskiedenis nie. Kan ek vra vir bydraes vir die boek. Persoonlike stories is baie belangrik, asook fotos. Ek sal mettertyd met navorsing oor die eenhede begin, maar as iemand eenhede se geskiedenis het sal dit baie tyd spaar. My teikendatum vir die boek is Desember (maar ek gaan nie sê watter jaar nie!)”

32. Detail oor Sikaretti

"Gedurende die laat sestigerjare was daar 'n spookstorie dat 'n mag van die VVO, afkomstig vanuit Afrika, sou poog om die JG Strijdom-lughawe naby Windhoek te beset en 'n mag by 'n afgeleë plekkie met die naam van Sigaretti neer te laat. Weet iemand waar Sigaretti is en waarom dit nou juis uitgekies is?"

DIE VALSKERMVETERANE-VERENIGING (PVO)

33. Stig van die VPO)

Kobus Human is die Voorsitter van die PVO en vertel dat die PVO op 21/02/2015 gestig is en dat die entoesiasme nog nie een oomblik getaan het nie. Die vereniging groei teen 'n ongekende tempo en ons kry belangstellendes van oral oor in die wêreld. Dit voel amper soos in die ou dae! Ons Nasionale Bestuur het reeds baanbrekerswerk gedoen om die PVO op alle vlakke as wettige nie-winsgewende organisasie te registreer. Die PVO is ook as lidorganisasie van die Raad vir Militêre Veterane-organisasies (RMVO/CMVO) geregistreer. Die foto is by hierdie geleentheid geneem en toon vir Johan (Dippies) Dippenaar, Voorsitter van die RMVO en vir Kobus.

34. Newsletter of the Parachute Veterans' Organization (PVO)

Mike McWilliams is the editor and he advises that the first edition of *BATCHAT* has been published. Contact Mike at 082 604 5334 or on rranger@mweb.co.za to receive the Newsletter or for editorial, news or other contributions.

35. Bringing Skillie Home. The following is a summary of an article in *BATCHAT*:

All SA Paratroopers know the tragic story of Andries (Skillie) Human (photos below) who in May 1978, with 366 other Paratroopers, took part in the air assault on the military base of SWAPO (PLAN) at Cassinga in Southern Angola. During the battle Eddie Backhouse, JC de Waal and Martin Kaplan were killed, but Skillie was found to be missing in action. It took two years for him to be declared officially dead. His wife, Rachel, with his new-born baby daughter had to survive and for 38 years his family have been desperately hoping for any

news of how Skillie died and where his body may be. A party of visitors recently toured the Angolan Battlefields, visited Cassinga and met a local Angolan citizen who was a young boy who lived on the other side of the Culonga River when the battle took place. He remembers that his deceased father had discovered the bodies of two people in or next to the river. The boy helped his father bury the bodies and all the boy could remember was that one of the bodies had many belts on it. We suppose this to mean that one of the bodies was a SWAPO soldier and that the other was Skillie still wearing his parachute harness.

The code of Paratroopers worldwide is to always bring our own back and we did not bring Skillie back. At the last Executive Meeting of the PVO it was decided to find Skillie and bring him home. Contact has been made with Rachel Human, Skillie's widow, in Port Elizabeth and she is very keen on the idea of re-patriating Skillie's remains for a decent burial in the RSA. We are investigating all the political issues and are planning an initial visit by a small party to make an estimate of the manpower and machinery needed to complete the task. We will then be able to budget for the work to follow.

We have registered a non-profit company and the following bank account where money can be safely deposited and audited:

Parabat Veterans Organisation NPC
Nedbank
Account number 1131959035
Branch Number 11414500

Donations will be appreciated and please insert your name as sender and mark recipient as Skillie Human. We have received interest from a TV company in broadcasting the first visit to the site and of the final search. Fund raising has begun and our friend in the USA, Dave Barr, has donated he proceeds of his book, *Four Flags,* that he sold on his recent visit to the RSA.

ALGEMENE ASPEKTE

36. The Future. Rusty van Rooyen of Army Intelligence has provided an amazing report on future developments, some of which will affect our lives within the foreseeable future. The following is one extract about health care, while the full report can be requested from Rusty's e-mail address at awvr@telkomsa.net:

The Tricorder X will be announced this year. It is a medical device that works with your phone, which takes your retina scan, your blood sample and you breathe into it. It then analyses 54 bio-markers that will identify nearly any disease. It will be cheap, so in a few years everyone on this planet will have access to world class medical analysis, nearly for free.

37. Boek oor 5 SAI Bn

Paul Els noem dat hy oorweeg het om ‘n boek oor 5 SAI Bn te skryf, maar het nou bepaal maar dat daar reeds ‘n boek oor die eenheid bestaan. Die boek is op die skakel by http://www.lulu.com/spotlight/DerekAustin beskikbaar.

38. Besoek aan die Graf van die Onbekende Soldaat in Arlington

Nadat Lilla du Preez van die SAV verlede week die artikel oor die graf van die VSA se onbekende soldaat gelees het, onthou sy hoe sy “… in 2002 vir adm Spook Trainor, Hoof van Korporatiewe Staf, as PSO vergesel het, nadat hy deur sy eweknie in die VSA vir ‘n besoek genooi is. Toe ons Arlington inry gaan daar ‘n kanonsaluut af. Adm Trainor vra so ewe onskuldig wie word begrawe en die antwoord was ‘… nobody sir, the salute is for you’. Die kranslegging by die graf van die onbekende soldaat was baie aandoenlik en al vyf weermagsdele se orkeste was betrokke. Toe adm Trainor vorentoe loop om die krans te lê, begin die orkeste met ‘Nkosi sikelel’ IAfrika’ en hulle laat sak die twee lande se nasionale vlae. Terwyl ek salueer het my trane oor my wange geloop en al die mans in die geselskap van beide die RSA en die VSA het na die tyd erken dat hulle ook gehuil het. Dit was so mooi en ek was so trots op ons land!”

39. Future Prospects for South African Youths

Paul Els has provided this study by the futurist, Clem Sunter, on the frightening figures about our population. The following is one extract and the full report is available from Paul at paul@who-els.co.za:

Since 1990 the numbers of Black youth, aged 0-24, have increased by 11% whilst those of the Coloureds, Asians and Whites have decreased by 1%, 9% and 15% respectively. Simply put, the Black birth rate is increasing fast, whilst that of Coloureds is decreasing slowly, that of Asians decreased between 1990 and 2005 but is now increasing slightly again and the White birth rate is declining rapidly and has been doing so since 1990. We can thus estimate that by 2030, based on current growth for the age group 0-24 there will be 91 Blacks, 7 Coloureds, 1 Asian and 1 White in every group of 100 youngsters.

40. Australian Navy Makes Biggest Cocaine Bust in Country’s History

According to Angel's MN the crew of a patrol boat of the Australian Navy made history on 02/02/2017 after intercepting a smuggling boat with approximately 1 422 kilograms (1.4 tonnes) on board. This is the largest cocaine interception in the country's history. Preliminary findings say the cocaine has a street value of approximately $A 312 million.

41. Spanish Frigate Saves 484 off Libya

A Spanish frigate rescued 494 migrants from a wooden craft sailing adrift off the coast of Libya. The vessel has rescued 700 people in two weeks. The frigate is part of the European Union's Op Sophia aimed at saving lives in the Mediterranean Sea. Arné adds that " ... it is obvious that no one really believes these hulks could possibly ever cross the Mediterranean and their sole purpose is to deliver them to the rescue force. Thus, as long as there are ships there, the refugees will pour out of Libya. Op Sophia is now a ferry and ambulance service".

SOEKTOGTE

42. Waar is Mielie Prinsloo van die Infanterie?

Frans Fourie wil kontak maak met Mielie wie die SSO Inl by HK Spes Magte was. Frans se e-posadres is fourie_frans@hotmail.com.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

43. Jaarlikse Re-unie in die Suid-Kaap

Louis Cook van die Infanterie verwittig dat Militêre Veterane van heinde en vêr gekom het om die jaarlikse ete op 16/02/2017 in Mosselbaai by te woon. Detail in die volgende Nuusbrief.

NETWORKING

44. Tegniese Rekenaarsteun

Toe ons nood op die hoogste was, het Attie Keeve van die Infanterie aanbeveel dat Peter Small gevra word om te help. Peter het op 'n besadige en beleefde wyse die probleem opgelos en na twee dae se werk 'n baie redelike rekening voorgelê. Peter kan met vrymoedigheid aanbeveel word. Sy selno is 082 960 8979 en e-posadres is peter@pccomputer.co.za.

45. Poste Beskikbaar by ME Electronic Systems. Arlene Bronkhorst van die SAW Vereniging verwittig dat die volgende poste in Pretoria beskikbaar is en dat CVs na recruitment@mesystems.co.za gestuur moet word. Detail oor die maatskappy word op die webblad by www.mesystems aangetoon:

* Tegnikus (Telekommunikasie) wat PABX ondervinding moet hê, asook eie vervoer, 'n geldige rybewys, terwyl ondervinding op Samsung 'n voordeel sal wees. Verwysing is TG017.

* Vakleerlingpos in Telekommunikasie, met eie vervoer en 'n geldige rybewys. Ver is TEKAPP2017

46. Estimator for Building Structures

An experienced Building/Civil Structures Estimator is needed for a contractor based in Johannesburg. The applicant must be competent with the use of CCS and ideally must have at least five years experience on site. Submit a CV to terrycv@surgestaff.co.za.

47. Two Civil Site Agents in Secunda

Surge needs two Civil Site Agents to take up work on an extremely large and challenging civil contract in Secunda. Applicants must have at least 10 years experience in roads and earthworks and civil structures and must carry a National Diploma as a minimum qualification. Submit a CV to terrycv@surgestaff.co.za.

48. Optisievesel-tegnikusse

Arlene Bronkhorst van die SAW Vereniging noem dat ZW Jansen optisievesel-tegnikusse met eie vervoer benodig wat in Pretoria en Johaanesburg kan werk. Sy e-posadres is zwjansen@gmail.com.

49. Takbestuurder by SSK Agriland

Pos beskikbaar in die Suid-Kaap vir 'n lid wat vir al die verantwoordelikhede van 'n handelstak in die landbou verantwoordelik sal wees. Stuur CV na Annelie van Wyk avwyk@tagri.co.za.

50. Verskeie Ander Poste

Paul Els weet van verskeie ander poste in onder andere die boubedryf en detail kan vanaf sy e-posadres by paul@who-els.co.za verkry word.

ADMINISTRASIE

51. Min Insette

Na ons probleem met die Diensverskaffer en die verandering van die e-posadres na isajohan@johannisa.co.za, word daar word opmerklik min insette vir die Nuusbrief ontvang. Maak asseblief seker dat die nuwe adres op u kontaklys aangeteken word en stuur maar u berigte sedert 24/02/2017 weer 'n keer.

52. Nuwe Lede

* Jan Visagie

*Mike McWilliams

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

53. Spyker's Wisdom about Consorting with the Enemy

"If you go to bed with an elephant you must expect to get squashed" - Jonas Savimbi

54. Final Thought

Count your rainbows, not your thunderstorms.

SLOT

55. Dit is wat die Militêre Veterane-verenigings vir hulle lede beteken:

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

56. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.

This email has been checked for viruses by Avast antivirus software.
www.avast.com